Nestlé
Good Food, Good Life

Die Nestlé- Korporatiewe Sakebeginsels



Pr

Skrywer / departement van uitreiking
Voorsitter en Hoof- Uitvoerende Beampte

Teikengehoor
Alle werknemers

Verwante Groepbeginsels/-beleide, -standaarde of -riglyne
Kode van Sakegedrag,
Die Nestlé- Bestuurs- en Leierskapsbeginsels

Bewaarplek
Alle Nestlé-beginsels en -beleide, -standaarde en -riglyne kan gevind word in die Sentrum- aanlyn bewaarplek by http://intranet.nestle.com/nestledocs.

Datum van publikasie
Junie 2010

Kopiereg en vertroulikheid
Die inhoud van hierdie dokument mag nie sonder behoorlike magtiging gereproduseer word nie.
Alle regte behoort aan Nestec Bpk., 1800 Vevey, Switserland.
© 2010, Nestec Ltd.

In geval van twyfel of verskille van vertolking sal die Engelse weergawe geld.

Ontwerp
Nestec Bpk., Korporatiewe Identiteit & Ontwerp,
Vevey, Switserland

Vervaardiging
Altavia Swiss

Papier
Hierdie verslag is op BVS gedruk, 'n papier wat vervaardig word uit goed bestuurde woude en ander beheerde bronne wat deur die Forest Stewardship Council (FSC) gesertifiseer is.

myclimate neutral Printed Matter
No. 01-10-902282 - www.myclimate.org
© myclimate - The Climate Protection Partnership

FSC Mixed Sources
Product group from well-managed forests and other controlled sources
www.fsc.org Certno. SQS-COC-100038
© 1996 Forest Stewardship Council

Die tien beginsels van sakebedrywighede

Verbruikers

1 Voeding, Gesondheid en Welwees

Nestlé beginsels aangaande heilsaamheid en gesondheid

2 Gehalteversekering en produkveiligheid

Nestlé Kwaliteitsbelied

Nestlé Beleid aangaande Heilsaamheid en Kwaliteit

3 Verbruikerskommunikasie

Nestlé Verbruikers Kommunikasie Beginsels

Nestlé beleid aangaande heilsaamheid en gesondheidseise

Nestlé Nutritional Profiling System

Nestlé Heilsaamheids Kompas

WHO Internasionale Kode vir die bemarking van borsmelk substitue*

Nestlé Belied op Privaatheid

Menseregte en arbeidspraktyke

4 Menseregte in ons sakebedrywighede

UN Global Compact*

ILO Konvensies 87, 138, 182*

Verenigde Nasies Konvensie vir die regte van die kind: Artikel 32*

OECD Riglyne vir multinasionale ondernemings 2000*

ILO Deklerasie aangaande multinasionale ondernemings 2006*

Ons mense

5 Leierskap en persoonlike verantwoordelikheid

Nestlé- Bestuurs- en Leierskapsbeginsels

Nestlé-Kode van Sakegedrag

Nestlé Beleid aangaande Menslike Hulpbronne

6 Veiligheid en gesondheid by die werk

Die Nestlé Veiligheids en Gesondheids Beleid in die werkplek

Verskaffers en klante

7 Verskaffers- en klanteverhoudinge

Nestlé Verskaffersbeleid

8 Landbou en landbou-ontwikkeling

Nestlé Omgewings Ontwikkelingsbeleid

Die omgewing

9 Omgewingsvolhoubaarheid

Nestlé Policy on Environmental Sustainability

10 Water

Nestlé Policy on Environmental Sustainability

Nestlé Commitments on Water

* Eksterne bronne

Ouditering

Die Nestlé- Korporatiewe Sakebeginsels is gebiedende verklarings vir alle Nestlé-bestuurders en -werknemers en is geïntegreer in beoordelings van sakebeplanning, ouditering en prestasie.

Die Korporatiewe Sakebeginsels word geassosieer met spesifieke beleide en verwysingskodes, waar nakomingsprosedures uiteengesit word. Sien die gids tot Nestlé-beginsels en -beleide vir die gepaste skakels en verwysingsbeleide (binne voorblad).

Nestlé se nakoming van sy Korporatiewe Sakebeginsels word gereeld deur sy interne ouditeurs beoordeel op grond van duidelike ouditeringsinstruksies, wat vir vir die inligting van alle werknemers gepubliseer is op die Nestlé S.A. intranet. Nakoming met betrekking tot mensehulpbronne, veiligheid, gesondheid, omgewing en sake-integriteit word beoordeel volgens ons CARE-program wat van ’n onafhanklike eksterne ouditnetwerk gebruik maak. Ons verslae oor Skep Gedeelde Waarde word deur onafhanklike eksterne ouditeurs vir akkuraatheid geouditeer en bekragtig. Ons eksterne ouditeurs, KPMG, verkry insig in die interne beheerstelsel van Nestlé en oorweeg hoe die Korporatiewe Sakebeginsels in die algehele korporatiewe bestuursraamwerk van die Groep pas.

Bevindinge en aanbevelings word deur die Raadsouditkomitee gerapporteer aan die Nestlé S.A. direksie.

Inhoudsopgawe

3 **Onderneming van die Voorsitter en die Hoof- Uitvoerende Beampte**

5 **Die grondslag van volhoubaarheid en Skep Gedeelde Waarde**

6 **Die tien beginsels van sakebedrywighede**
Verbruikers
1 Voeding, Gesondheid en Welwees
2 Gehalteversekering en produkveiligheid
3 Verbruikerskommunikasie
Menseregte en arbeidspraktyke
4 Menseregte in ons sakebedrywighede
Ons mense
5 Leierskap en persoonlike verantwoordelikheid
6 Veiligheid en gesondheid by die werk
Verskaffers en klante
7 Verskaffers- en klanteverhoudinge
8 Landbou en landbou-ontwikkeling
Die omgewing
9 Omgewingsvolhoubaarheid
10 Water

8 **Omvattende beskrywings en skakels na korporatiewe beleide**
8 Verbruikers
9 Menseregte en arbeidspraktyke
10 Ons mense
11 Verskaffers en klante
12 Die omgewing

13 **Ouditering**



Onderneming van die Voorsitter en die Hoof- Uitvoerende Beampte

Die Nestlé- Korporatiewe Sakebeginsels vorm die grondslag van ons maatskappy se kultuur, wat oor 140 jaar ontwikkel het. Sedert die tyd toe Henri Nestlé sy suksesvolle babagraankos, "Farine Lactée", ontwikkel het, het ons ons onderneming gebou op die grondbeginsel dat ons langtermynsukses vir ons aandeelhouers wil verseker deur nie net aan alle wetlike vereistes te voldoen en te sorg dat ons bedrywighede volhoubaar is nie, maar ook dat ons betekenisvolle waarde vir die gemeenskap wil skep. By Nestlé noem ons dit Skep Gedeelde Waarde.

Hoewel ons Nestlé- Korporatiewe Sakebeginsels in 1998 vir die eerste keer as 'n geïntegreerde dokument gepubliseer is, is die grootste deel daarvan reeds baie jare vroeër afsonderlik vasgestel. Hoewel die Sakebeginsels vasgestel is, evolueer dit ook voortdurend en pas dit by 'n veranderende wêreld aan. Byvoorbeeld, Nestlé het al tien beginsels van die Verenigde Nasies se globale verdrag (United Nations Global Compact) geïnkorporeer kort nadat dit geskep is en implementeer dit vandag nog.

Hierdie jongste hersiening verskil van die vorige twee weergawes aangesien die tien beginsels van sakebedrywighede spesifiek gekoppel word aan aanlyn kopieë van omvattender beginsels, beleide, standaarde en riglyne. As gevolg daarvan kon die omskrywing van elke beginsel bondiger wees, terwyl omvattender implenteringsmaatreëls in verband met elkeen op die Wêreldwye Web voorsien word. Daar word ook vir die eerste keer 'n gids tot die beginsels en 'n oorsig van verwante maatskappymaatreëls aan die begin van die dokument ingesluit.

Ons glo in die belangrikheid van 'n sterk kultuur van nakoming wat ten volle in ons onderneming gegrond is. Die Korporatiewe Sakebeginsels en die bykomende dokumente weerspieël hierdie verbintenis en beskerm dus die vertroue van ons verbruikers en ander belanghebbendes in die Nestlé-handelsmerk. Ons interne reëls vereis nie net streng nakoming van die wet nie, dit rig ook ons dade selfs as die wet meer toegewend is of waar daar geen toepaslike wet is nie. Vir Nestlé beteken nakoming meer as om kontrolelyste in te vul. Dit verg onwrikbare beginsels wat deur die hele Maatskappy geld en duidelike riglyne aan ons mense verskaf.

As die Voorsitter en Hoof- Uitvoerende Beampte van Nestlé onderneem ons om te sorg dat ons hele Maatskappy volgens hierdie beginsels bestuur word en vereis ons dat al ons werknemers regoor die wêreld dit nakom. Ons onderneem ook om voortdurend te verbeter en is ontvanklik vir eksterne betrokkenheid in verband met enige aspek van ons Korporatiewe Sakebeginsels.

Peter Brabeck-Letmathe
Voorsitter van die Direksie

Paul Bulcke
Hoof- Uitvoerende Beampte



Die grondslag van volhoubaarheid en Skep Gedeelde Waarde

Aangesien Nestlé 'n maatskappy is wat op beginsels gegrond is, vorm die Nestlé-Korporatiewe Sakebeginsels die grondslag van alles wat ons doen. Nakoming van Nestlé-Korporatiewe Sakebeginsels, en van spesifieke beleide wat verband hou met elke beginsel, is verpligtend vir alle werknemers en hulle toepassing daarvan word gemonitor en gereeld geouditeer.

Soos in die diagram hieronder getoon word, vorm nakoming van Nestlé- Korporatiewe Sakebeginsels die fondament van die Maatskappy se onderneming om omgewingsvolhoubaar te wees en om gedeelde waarde te skep.

Skep Gedeelde Waarde is die basiese manier waarop ons sake doen, wat sê dat ons waarde vir die gemeenskap moet skep as ons langtermynwaarde vir ons aandeelhouers wil skep. Maar ons kan nóg omgewingsvolhoubaar wees nóg gedeelde waarde vir aandeelhouers en die gemeenskap skep as ons nie ons Sakebeginsels nakom nie.

Terselfdertyd beteken Skep Gedeelde Waarde meer as blote nakoming en volhoubaarheid. Enige onderneming wat vir die lang termyn dink en gesonde sakebeginsels volg, skep deur sy bedrywighede waarde vir aandeelhouers en die gemeenskap, bv. deur werkskepping, belasting om openbare dienste te ondersteun en ekonomiese aktiwiteit in die algemeen.

Maar Skep Gedeelde Waarde gaan 'n stappie verder. 'n Maatskappy identifiseer bewustelik fokusgebiede waar: a) aandeelhouers se belange en dié van die gemeenskap oorvleuel en b) waar die meeste waarde vir albei geskep kan word. Gevolglik belê die maatskappy hulpbronne, in talent sowel as in kapitaal, in gebiede waar die potensiaal vir gesamentlike waardeskepping die grootste is, en probeer dit samewerking met toepaslike belanghebbendes in die gemeenskap bewerkstellig.

By Nestlé het ons ons waardeketting ontleed en vasgestel dat die gebiede met die grootste potensiaal om waarde saam met die gemeenskap te vergroot Voeding, Water en Landbou-ontwikkeling is. Hierdie bedrywighede is kernbedrywighede ten opsigte van ons sakestrategie en is noodsaaklik vir die welsyn van die mense in die lande waar ons werksaam is.

Ons wend daadwerklike pogings aan om betrokkenheid en samewerking te bewerkstellig met eksterne belanghebbendes wat die grootste positiewe impak op hierdie fokusgebiede kan hê. Maar Skep Gedeelde Waarde draai nie om liefdadigheid nie. Dit draai om die aanwending van kernbedrywighede en samewerking vir die gemeenskaplike voordeel van die mense in die lande waar ons werksaam is.

Deur dit te doen, behou Nestlé 'n langtermynperspektief op sake-ontwikkeling en verwelkom dit dialoog met eksterne belanghebbendes wat verbind is tot beginselvaste gedrag en konstruktiewe betrokkenheid. Dit sluit regerings- en regulerende owerhede, interregerings- en nieregeringsorganisasies, akademiese en professionele liggame asook plaaslike gemeenskappe in.

Die tien beginsels van sakebedrywighede

Verbruikers

1
Voeding, Gesondheid en Welwees
Ons kernmikpunt is om daagliks, oral, verbruikers se lewensgehalte te verbeter deur smaakliker en gesonder voedsel- en drankkeuses te bied en 'n gesonde lewenstyl aan te moedig. Ons toon dit deur middel van ons korporatiewe leuse Good Food, Good Life (Goeie Voedsel, Goeie Lewe).

2
Gehalteversekering en produkveiligheid
In alle wêrelddele verteenwoordig die naam Nestlé 'n belofte aan die verbruiker dat die produk veilig en van hoë gehalte is.

3
Verbruikerskommunikasie
Ons is verbind tot verantwoordelike, betroubare verbruikerskommunikasie wat verbruikers bemagtig om hulle reg op ingeligte keuse uit te oefen en gesonder diëte bevorder. Ons respekteer die privaatheid van verbruikers.

Menseregte en arbeidspraktyke

4
Menseregte in ons sakebedrywighede
Ons onderskryf die riglyne oor menseregte en arbeid van die Verenigde Nasies se globale verdrag (UNGC) ten volle en streef daarna om in al ons sakebedrywighede 'n voorbeeld te stel van goeie menseregte- en arbeidsgebruike.

Ons mense

5
Leierskap en persoonlike verantwoordelikheid
Ons sukses is gebou op ons mense. Ons behandel mekaar met respek en waardigheid en verwag dat almal 'n sin van persoonlike verantwoordelikheid bevorder. Ons werf bekwame en gemotiveerde mense wat ons waardes respekteer, bied gelyke geleenthede vir hulle ontwikkeling en bevordering, beskerm hulle privaatheid en duld geen vorm van teistering of diskriminasie nie.

6
Veiligheid en gesondheid by die werk
Ons is daartoe verbind om ongelukke, beserings en werkverwante siekte te voorkom en om werknemers, kontrakteurs en ander betrokke by die waardeketting te beskerm.

Verskaffers en klante

7
Verskaffers- en klanteverhoudinge
Ons vereis eerlikheid, integriteit en regverdigheid van ons verskaffers, agente, subkontrakteurs en hulle werknemers, en dat hulle ons nie-onderhandelbare standaarde sal nakom. Ons is eweneens lojaal aan ons verbruikers.

8
Landbou en landbou-ontwikkeling
Ons dra by tot verbeteringe in landbouproduksie, die maatskaplike en ekonomiese status van boere, plattelandse gemeenskappe en in produksiestelsels om dit meer omgewingsvolhoubaar te maak.

Die omgewing

9
Omgewingsvolhoubaarheid
Ons verbind ons tot omgewingsvolhoubare sakepraktyke. Ons streef daarna om in alle stadiums van die produk se lewensiklus natuurlike hulpbronne doeltreffend te gebruik, voorkeur te gee aan hernieubare hulpbronne wat op ’n volhoubare wyse bestuur word en om geen vermorsing as teiken te stel.

10
Water
Ons is verbind tot die volhoubare gebruik van water en die voortdurende verbetering van waterbestuur. Ons erken dat die wêreld ’n toenemende waterprobleem beleef en dat verantwoordelike bestuur van die wêreld se hulpbronne deur gebruikers absoluut noodsaaklik is.

Omvattende beskrywings en skakels na korporatiewe beleide

Verbruikers

1

Voeding, Gesondheid en Welwees

Ons kernmikpunt is om daagliks, oral, verbruikers se lewensgehalte te verbeter deur smaakliker en gesonder voedsel- en drankkeuses te bied en 'n gesonde lewenstyl aan te moedig. Ons toon dit deur middel van ons korporatiewe leuse Good Food, Good Life (Goeie Voedsel, Goeie Lewe).

Ons kernmikpunt is om daagliks, oral, verbruikers se lewensgehalte te verbeter deur smaakliker en gesonder voedsel- en drankkeuses te bied en 'n gesonde lewenstyl aan te moedig. Ons toon dit deur middel van ons korporatiewe leuse Good Food, Good Life (Goeie Voedsel, Goeie Lewe).

Gerig deur ons verbintenis tot Voeding, Gesondheid en Welwees, span ons ons in om die voedingswaarde van ons produkte te verhoog terwyl smaak en genot ook verbeter word. Ons ontwikkel ook handelsmerkkommunikasie en -inligting wat verbruikers aanmoedig en bemagtig om ingeligte keuses oor hulle dieet te maak.

Sien asseblief *The Nestlé Principles on Nutrition, Health and Wellness* by www.nestle.com/policies.

2

Gehalteversekering en produkveiligheid

In alle wêrelddele verteenwoordig die naam Nestlé 'n belofte aan die verbruiker dat die produk veilig en van hoë gehalte is.

Ons onderneem om nooit toegewings te maak wat die veiligheid van enige produk betref nie. Ons *Quality Policy* som die kern van ons passie vir uitnemendheid op:

- om vertroue in te boesem deur produkte en dienste te bied wat voldoen aan die verwagtinge en voorkeure van verbruikers;
- om alle interne en eksterne vereistes met betrekking tot voedselveiligheid, regulasies en gehalte na te kom. Almal is tot Gehalte verbind. Ons streef voortdurend daarna om altyd te verbeter en die hoogste gehalte te bereik. Ons handhaaf dieselfde hoë standaarde van voedselveiligheid in alle lande waarin ons werksaam is.

Ons verseker die lewering van produkte van hoë gehalte deur ons Gehaltebestuurstelsel. Sien asseblief *The Nestlé Quality Policy* by www.nestle.com/policies.

3

Verbruikerskommunikasie

Ons is verbind tot verantwoordelike, betroubare verbruikerskommunikasie wat verbruikers bemagtig om hulle reg op ingeligte keuse uit te oefen en gesonder diëte bevorder. Ons respekteer die privaatheid van verbruikers.

Ons kernsakestrategie is om verbruikers te help om 'n gebalanseerde, gesonder dieet te hê. *The Nestlé Consumer Communication Principles* bevat gebiedende reëls oor bemarkingskommunikasie aan alle verbruikers, onder meer akkurate beskrywing en uitbeelding van voedsel op 'n manier wat nie oorverbruik aanmoedig nie. Daarbenewens word ons kommunikasie met kinders deur spesifieke beginsels gerig, onder meer geen advertensies of bemarkingsbedrywighede gemik op kinders jonger as 6 jaar nie. Advertensies gemik op kinders tussen 6 en 12 jaar word beperk tot produkte wat aan voorafbepaalde voedingsprofielmaatstawwe voldoen, insluitende duidelike perke op energie en gesondheidsensitiewe bestanddele soos suikers, sout, versadigde vet en trans-vetsure. Ons kommunikasiebeginsels vir kinders is spesifiek daarop gemik om kinders te beskerm deur te verseker dat die advertensies nie misleidend is nie, nie ouerlike gesag ondermyn nie of onrealistiese verwagtinge van sukses of 'n gevoel van dringendheid skep of op die gevoel van 'n winskopie sinspeel nie.

The Nestlé Policy on Nutrition and Health Claims rig ons optrede met betrekking tot wetenskaplik bewysbare gesondheidsbewerings. Sien asseblief The Nestlé Consumer Communication Principles, The Nestlé Policy on Nutrition and Health Claims en *The Nestlé Nutritional Profiling System* by www.nestle.com/policies.

Bemarking van Babakosse

Ons is daartoe verbind om te voorsien wat ook al die beste is om babas die beste begin in die lewe te gee. Dit beteken dat ons borsvoeding bo alle ander voedingskeuses aanmoedig. Vir dié wat alternatiewe vir borsvoeding nodig het, is ons oogmerk om melkformuleprodukte aan te bied wat voldoen aan internasionale standaarde vir babagesondheid in plaas van gevaarlike en ongepaste plaasvervangers vir borsmelk, soos volmelk. Ons doel is ook om graankosse, babakosse en melke aan te bied wat bydra tot

optimale groei en ontwikkeling in plaas van aanvullende voedsels met lae voedingswaarde wat dikwels vir babas gevoer word.

Ons babakosbemarking word gedoen ooreenkomstig die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se internasionale kode van bemarking van plaasvervangers vir borsmelk, soos geïmplementeer deur elke lidland van die WGO. Daarbenewens implementeer ons in ontwikkelende lande vrywillig die WGO-kode, hetsy die regering dit gedoen het of nie. Ons monitor ons eie praktyke om nakoming van daardie standaarde te verseker, hetsy die regering 'n moniteringstelsel ingestel het of nie. Onafhanklike ouditering van Nestlé se nakoming van die WGO-kode word op 'n voortgesette grondslag gedoen deur erkende maatskaplikeouditeringsmaatskappye en verslae is aan die publiek beskikbaar. Sien asseblief www.babymilk.nestle.com.

Menseregte en arbeidspraktyke

4

Menseregte in ons sakebedrywighede

Ons onderskryf die riglyne oor menseregte en arbeid van die Verenigde Nasies se globale verdrag (UNGC) ten volle en streef daarna om in al ons sakebedrywighede 'n voorbeeld te stel van goeie menseregte- en arbeidsgebruike.

Ons

- ondersteun en respekteer die beskerming van internasionale menseregte binne ons sfeer van invloed (UNGC-beginsel 1);
- sorg dat ons nie medepligtig is aan menseregteskendings nie (UNGC-beginsel 2);
- is teen alle vorme van kinderuitbuiting;
- erken privaatheid as 'n mensereg;
- verwag van elkeen van ons maatskappye om die plaaslike wette en regulasies in verband met praktyke met betrekking tot menseregte te respekteer en na te kom. Waar ons eie beginsels en regulasies strenger is as plaaslike wetgewing, is die hoër standaard van toepassing;
- erken die verantwoordelikheid van maatskappye om menseregte te respekteer ongeag die feit dat regerings uiteindelik verantwoordelik is vir die instelling van 'n wetlike raamwerk vir die beskerming van menseregte in hulle regsgebied.

Ons handhaaf

- die reg van vereniging en die wesenlike erkenning van die reg op gesamentlike bedinging (UNGC-beginsel 3);
- die uitwissing van alle vorme van gedwonge en verpligte arbeid (UNGC-beginsel 4);
- die werklike afskaffing van kinderarbeid (UNGC-beginsel 5);
- die uitwissing van diskriminasie met betrekking tot werkbesetting (UNGC-beginsel 6).

Ons hou by die agt fundamentele Konvensies van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO), in die besonder Konvensie 87, Reg van Vereniging en Beskerming van die Reg om te Organiseer (1948), sowel as Konvensie 138, Minimum Ouderdom vir Indiensneming, en Konvensie 182, Slegste Vorme van Kinderarbeid, wat gebaseer is op die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (Artikel 32). Daarbenewens bly ons by die Driesydige Verklaring van Beginsels aangaande Multinasionale Ondernemings en Maatskaplike Beleid (IAO) van Maart 2006 en die OECD-riglyne vir Multinasionale Ondernemings van Junie 2000.

Ons mense

5

Leierskap en persoonlike verantwoordelikheid

Ons sukses is gebou op ons mense. Ons behandel mekaar met respek en waardigheid en verwag dat almal 'n sin van persoonlike verantwoordelikheid bevorder. Ons werf bekwame en gemotiveerde mense wat ons waardes respekteer, bied gelyke geleenthede vir hulle ontwikkeling en bevordering, beskerm hulle privaatheid en duld geen vorm van teistering of diskriminasie nie.

Nestlé- Bestuurs- en Leierskapsbeginsels

Ons Management and Leadership Principles beskryf die kultuur en grondliggende waardes wat ons verwag dat ons werknemers sal onderhou, sowel as die eienskappe wat nodig is om suksesvol te wees in bestuur en leierskap. Sien asseblief *The Nestlé Management and Leadership Principles* by www.nestle.com/policies.

Nestlé-Kode van Sakegedrag

Ons Kode van Sakegedrag spesifiseer sekere nie-onderhandelbare minimum standaarde in sleutelgebiede van werknemersgedrag, onder meer nakoming van wette, belangebotsings, antitrust en billike optrede, omkopery, korrupsie (UNGC-beginsel 10), diskriminasie en teistering en integriteit. Ons glo in die belangrikheid van vrye mededinging en onderneem om in alle situasies met integriteit op te tree. Sien asseblief *The Nestlé Code of Business Conduct* by www.nestle.com/policies.

Ons *Human Resources Policy* spesifiseer gesindhede soos onderlinge respek, vertroue en deursigtigheid in betrekkinge met mekaar en spoor oop kommunikasie en samewerking aan. Ons glo ook dat ons langtermynsukses afhang van ons vermoë om die regte en beste werknemers aan te trek, te ontwikkel, te beskerm en te behou.

Ons respekteer internasionale konvensies aangaande werknemersregte, duld nie diskriminasie om redes soos oorsprong, nasionaliteit, godsdiens, ras, geslag, ouderdom of seksuele oriëntasie nie en neem nie deel aan enige soort verbale of fisiese teistering om enige van bogenoemde of enige ander rede nie. Ons handhaaf die reg van vereniging van ons werknemers en die wesenlike erkenning van die reg op gesamentlike bedinging deur vakbonde of ander soorte verenigings (UNGC-beginsel 3). Ons respekteer ons werknemers se reg op privaatheid.

6

Veiligheid en gesondheid by die werk

Ons is daartoe verbind om ongelukke, beserings en werkverwante siekte te voorkom en om werknemers, kontrakteurs en ander betrokke by die waardeketting te beskerm.

Ons Policy on *Safety and Health at Work* stel veiligheid as 'n nie-onderhandelbare prioriteit van ons kultuur. Ons erken en vereis dat almal 'n aktiewe rol speel in die voorsiening van 'n veilige en gesonde omgewing en bevorder bewustheid en kennis van veiligheid- en gesondheidsake by werknemers, kontrakteurs en ander wat verband hou of geraak word deur ons sakebedrywighede deur hoë standaarde te stel.

Ons monitor ons prestasie deur middel van die Nestlé-Beroepsgesondheid- en Veiligheidsbestuurstelsel om 'n veilige en gesonde werkplek te verseker. Sien asseblief *The Nestlé Policy on Safety and Health at Work* by www.nestle.com/policies.

Verskaffers en klante

7

Verskaffers- en klanteverhoudinge

Ons vereis eerlikheid, integriteit en regverdigheid van ons verskaffers, agente, subkontrakteurs en hulle werknemers, en dat hulle ons nie-onderhandelbare standaarde sal nakom. Ons is eweneens lojaal aan ons verbruikers.

Die Nestlé Supplier Code spesifiseer minimum standaarde en ons vra dat ons verskaffers, agente, subkontrakteurs en hulle werknemers dit respekteer en daaraan voldoen. Die Supplier Code sluit vereistes in soos sake-integriteit, volhoubare bedryfs- en landboupraktyke, arbeidstandaarde, veiligheid, gesondheid en omgewingspraktyke.

Om te verseker dat die Supplier Code geïmplementeer word, behou ons die reg voor om die verskaffers se nakoming van die Kode gereeld te kontroleer.

Sien asseblief www.nestle.com/policies.

8

Landbou en landbou-ontwikkeling

Ons dra by tot verbeteringe in landbouproduksie, die maatskaplike en ekonomiese status van boere, plattelandse gemeenskappe en in produksiestelsels om dit meer omgewingsvolhoubaar te maak.

Om te verseker dat ons fabrieke grondstowwe mededingend verkry wat voldoen aan vereiste gehalte- en veiligheidsspesifikasies,

- ontwikkel ons volhoubare landboupraktyke en -stelsels wat bydra tot doeltreffende produksie oor die lang termyn, bestaanbare inkomstes vir boere en die oordrag van landboukennis aan verskaffers;
- ondersteun ons die aanwending van nuwe tegnologieë en vooruitgang in landbouwetenskap, insluitende die geleenthede wat gebied word deur biowetenskap wanneer die positiewe uitwerking wat dit op voedselveiligheid, die omgewing, landboupraktyke en doeltreffende produksie het, wetenskaplik bevestig en deur verbruikers aanvaar word.

Die Volhoubare Landbouinisiatief Nestlé (SAIN) rig ons betrokkentheid by boerderystelsels om landboupraktyke en landbou-ontwikkeling te ondersteun deur die opsporing van prosesse en praktyke wat oor die lang termyn volhoubaar sal wees. Sien asseblief *The Nestlé Policy on Environmental Sustainability* by www.nestle.com/policies.

Die omgewing

9
Omgewingsvolhoubaarheid

Ons verbind ons tot omgewingsvolhoubare sakepraktyke. Ons streef daarna om in alle stadiums van die produk se lewensiklus natuurlike hulpbronne doeltreffend te gebruik, voorkeur te gee aan hernieubare hulpbronne wat op 'n volhoubare wyse bestuur word en om geen vermorsing as teiken te stel.

Ons belê voortdurend om ons omgewingsprestasie te verbeter. *The Nestlé Policy on Environmental Sustainability* sluit die drie hoofbeginsels van die Verenigde Nasies se globale verdrag oor die omgewing in (beginsels 7, 8 en 9).

Ons volg 'n produklewensiklusbenadering waarby ons medewerkers van plaas tot verbruiker betrokke is om die omgewingsimpak van ons produkte en bedrywighede tot die minimum te beperk. Ons vier prioriteitsgebiede is: water, landbougrondstof, vervaardiging en verspreiding van ons produkte en verpakking. Ons implementeer ons beleid deur die Nestlé-Omgewingsbestuurstelsel.

Ons glo dat omgewingsprestasie 'n gedeelde verantwoordelikheid is en die samewerking van alle dele van die samelewing verg. Ons is vasbeslote om leiers te wees in ons invloedsfeer. Sien asseblief *The Nestlé Policy on Environmental Sustainability* by www.nestle.com/policies.

10
Water

Ons is verbind tot die volhoubare gebruik van water en die voortdurende verbetering van waterbestuur. Ons erken dat die wêreld 'n toenemende waterprobleem beleef en dat verantwoordelike bestuur van die wêreld se hulpbronne deur gebruikers absoluut noodsaaklik is.

Water is 'n belangrike fokusgebied vir Nestlé. *The Nestlé Commitments on Water* sit ons prioriteite en oogmerke oor verantwoordelike watergebruik uiteen. Dit sal ons pogings voortsit om die hoeveelheid water wat in ons bedrywighede gebruik word, te verminder, om te verseker dat bedrywighede plaaslike waterhulpbronne in ag neem, dat die water wat ons in die omgewing vrylaat, skoon is, om betrokkenheid met verskaffers te handhaaf om waterbewaring te bevorder, veral onder boere en om uit te reik na ander oor waterbewaring en -toegang. Nestlé is en van die oorspronklike ondertekenaars van die Verenigde Nasies se globale verdrag se HUB-watermandaat.

Ons monitor en verbeter waterdoeltreffendheid deur ons waterbronbestuurspesialiste en in ons fabrieke met ons omgewingspesialiste ooreenkomstig die Nestlé-Omgewingsbestuurstelsel.

Ons erken die reg van alle mense om toegang te hê tot skoon water om in hulle basiese behoeftes te voorsien.

Sien asseblief *Every Drop Counts* by www.nestle.com/policies.